Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Wednesday, February 03, 2021
Page: 2

# ‘Hersien alle staatskontrakte met Beitbrug-kontrakteurs’

**Llewellyn Prince**

Al die staatskontrakte wat toegeken is aan die kontrakteurs in die heining-korrupsiesage by die Beitbrug-grenspos – wat belastingsbetalers R40 miljoen gekos het – moet hersien word.

Dié 19 ander kontrakte het ’n gesamentlike waarde van sowat R400 miljoen.

Die parlement se staande komitee oor openbare rekeninge (Skoor) het gister Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, en haar departement opdrag gegee om al dié kontrakte te hersien.

De Lille en afgevaardigdes van die departement het voor Skoor verskyn om verslag te doen oor die jongste verwikkelinge met die beweerde ongerymdhede en korrupsie met die oprigting van die Beitbrug-grensheining.

Die komitee het vroeër gehoor dat die heining, wat “van swak gehalte” is, al op 122 plekke gevandaliseer en plek-plek selfs weggedra is sedert dit kort ná die uitbreking van die pandemie in Suid-Afrika opgerig is.

Mkhuleko Hlengwa, komiteevoorsitter, het die heiningprojek gister as ’n “nasionale verleentheid en ’n flater van epiese omvang” beskryf.

> **“Die Beitbrug-heiningprojek is ’n nasionale verleentheid en ’n flater van epiese omvang.**
>
> — Mkhuleko Hlengwa

Imtiaz Fazel, waarnemende direkteur-generaal van openbare werke en infrastruktuur, het LP’s meegedeel dat die spesiale ondersoekeenheid (SOE) reeds ’n siviele geding teen die kontrakteurs, ProfTeam en Caledon Rivier Properties, wat as Magwa sake doen, by die spesiale tribunaal ingedien het om die kontrak ongeldig te verklaar en die betaalde geld terug te kry. Die tribunaal is aangestel om die maatskappye te ondersoek.

Die saak is ook na die nasionale vervolgingsgesag met die oog op strafregtelike vervolging verwys.

’n Proses is voorts aan die gang om die kontrakteurs op ’n swartlys te plaas of te verbied om weer met die staat sake te doen. Tugprosesse is ook teen 13 amptenare van die departement aan die gang.

Intussen het Veronica Mente, EFF-LP, gister aangevoer dat die 19 ander kontrakte wat die kontrakteurs van die departement gekry het, ook almal gestaak moet word.

Volgens Mente kan dit nie wees dat die pryse net vir die Beitbrug-heiningprojek “opgeblaas” sou wees nie.

“Daardie projekte moet ook gestaak word omdat die maatskappye nie lojaal is nie en daar bewys is dat hulle korrup is. Ons kan nie meer staatsgeld aan hulle gee nie.”

Bheki Hadebe, ANC-LP, sê die komitee het die Beitbrug-heining besoek en gesien dat dit nie aan die standaarde vir ’n grensheining voldoen nie.

“Dit is eerder ’n belediging vir die regering se vermoë om sy grense of mense te kan beskerm.

“Op ons besoek het mense reeds in meer as 100 000 gevalle deur die heining gekom.

“Dit wys dat dit nie net herstel sal kan word nie, maar heeltemal vervang moet word deur ’n heining van goeie gehalte wat dié rol kan vervul.”



Patricia de Lille

Hlengwa sê hy merk geen dringendheid by die departement op om die kwessie spoedig op te los nie.

Volgens hom is die gebeure van die mees uitstaande gevalle van die oortreding van die finansiële wetgewing en Covid-19-verwante korrupsie.

Hy sê die SOE is ook versoek om al die ander kontrakte met die betrokke kontrakteurs te ondersoek.

De Lille sê haar departement sal binnekort met die departement van verdediging en van binnelandse sake vergader om met ’n omvattende plan oplossings op kort, medium- en lang termyn vir al Suid-Afrika se grensposte te vind.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.